Senwes

365 BEÏNVLOED MÔRE ELKE DAG

TUSSENTYDSE RESULTATE
31 OKTOBER 2018

OORSIG EN VOORUITSIGTE

'n Wins na belasting van R156,5 miljoen het gerealiseer vir die eerste ses maande van die finansiële jaar, wat 6,8% hoër is as die vorige jaar. Genormaliseerde wesensverdienste het egter met 0,7% na 98,5c per aandeel gestyg. Die balansstaat het, ten spyte van 'n hoër kredietboek, goed presteer en die eie kapitaal van 42% (2017: 36%) is goed geposisioneer binne in die gestelde kaviaat van 35% - 45%. Die tweede helfte van die jaar sal waarskynlik moeiliker wees weens die laat voorseisoen reën, asook laer as verwagte spandering aan kapitaalgoedere.

DIVIDENDVERKLARING

TUSSENTYDSE DIVIDEND

30 sent (2017: 27 sent)

Rekorddatum: 12 Desember 2018
Betaaldatum: 13 Desember 2018

Dividendterughoubelasting waar van toepassing sal teruggehou word.

Vir Senwes aandeleverhandeling, besoek www.zarx.co.za

FINANSIËLE HOOFTREKKE

6,8%

2018: 156
2017: 146

Netto wins na belasting (R'm)

0,7%

2018: 98,5
2017: 97,8

Genormaliseerde wesensverdienste (s/aandeel)

0,2%

2018: 7,1
2017: 7,3

Opbrengs op openingsekwiteit (%) (nie geannualiseer nie)

	2018	2017	
Dividendopbrengs op gemiddelde markprys (%)	0,6%	2018: 3,0	2017: 2,4
EBITDA (R'm)	1,5%	2018: 335	2017: 330
Rentedekking (keer)	16,7%	2018: 3,5	2017: 3,0
Verdienste voor rente en belasting (EBIT) (R'm)	0,3%	2018: 308	2017: 307
Netto batewaarde (R/aandeel)	11,2%	2018: 13,7	2017: 12,3
Eiekapitaal-verhouding (%)	6,0%	2018: 42	2017: 36

BESIGHEIDSEGMENTE

Finansiële Dienste

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING NA FINANSIERINGSKOSTE **23,9%**

2018 R83m
2017 R67m

21 besigheidseenhede

35,2% van seisoenrekenings wat betaalbaar was op 31 Augustus 2018, is weens die laat seisoen eers daarna vereffen en hierdie onvereffende rekenings het op 31 Oktober 2018 6,3% (2017: 4,8%) van die totale boek beloop. Dit het veroorsaak dat addisionele voorsienings vir waardedalings geneem word in afwagting van die normalisering daarvan teen 30 April 2019. Addisionele kapasiteit is ook gevestig in nuwe areas en produkte, terwyl die verlangde opbrengs eers later van toepassing sal wees.

Insetverskaffing

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING NA FINANSIERINGSKOSTE **41,2%**

2018 R24m
2017 R17m

122 besigheidseenhede

Meganisasie verkope is steeds onder druk maar 'n vergrote fokus op die bestuur van bedryfskapitaal het meegebring dat R5,9 miljoen se waardedalings op voorraad teruggeskryf kon word. Daarbenewens het die kleinhandelsbesigheid kop opgetel en ten spyte van die trae aptyt en onsekerhede vir die nuwe seisoen, is beter marges in die meeste van die grootmaat insetgoedere behaal.

Marktoegang

BEDRYFSWINS VOOR BELASTING NA FINANSIERINGSKOSTE **2,0%**

2018 R155m
2017 R152m

94 besigheidseenhede

Die vorige graanseisoen het goeie momentum na dié finansiële jaar gebring, deurdat hoë oordragvoorrade vanaf die 2017/18 finansiële jaar 'n goeie platform vir opbergingsinkomste vir dié jaar was. Die oesseisoen was egter gemiddeld ses weke laat teenoor die aanvanklike verwagting en het 'n permanente opbergingsverskil vir die inname van 2018/19 oes veroorsaak. Alhoewel die besigheidsegment die vorige jaar se resultaat met 2,0% uitpresteer het, is die resultate weens dié feit agter die aanvanklike verwagting. Die graanbemarkingsafdeling het egter die goeie marktoestande gebruik, terwyl die saadafdeling rekordwinste vir die ses maande gerapporteer het.

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

Die tussentydse resultate vir die periode geëindig 31 Oktober 2018 is aanlyn beskikbaar by www.senwes.co.za of kontak die maatskappysekretaris, mev. Elmarie Joynt, by 018 464 7104 of per e-pos by elmarie.joynt@senwes.co.za vir 'n kopie.

Agri rewards

ONE Agri

Senwes Bpk (Registrasienommer: 1997/005336/06) | Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2570 | Tel: 018 464 7800 | **Webwerf:** www.senwes.co.za

DIREKTEURE: JDM Minnaar (Voorsitter), SF Booysen (Ondervoorsitter), F Strydom (Hoof Uitvoerende Beampte)*, CF Kruger (Hoof Finansiële Beampte)*, JBH Botha, AJ Kruger, NDP Liebenberg, JJ Minnaar, SM Mohapi, TF van Rooyen, WH van Zyl, AG Waller, Maatskappysekretaris: EM Joynt. *(Uitvoerend)